

Nuwe horisonne

Publikasie: USB Agenda

Datum: Oktober 2014

Prof Piet Naudé het op 1 September vanjaar by die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool aangesluit as die skool se agtste direkteur in vyf dekades. Die sakestrategie en konsultant **Bongani Mngayi**, wat deel is van die USB se bemarking-, kommunikasie- en sosialebetrokkenheidsinisiatiewe het met hom gesels.

'n Plek waar ons lewens kan verander

“Ek wil hê die USB moet as 'n plek met 'n hart vir Afrika en die wêreld bekend staan, en 'n plek waar ons lewens verander,” sê prof Piet Naudé oor sy planne as die nuwe direkteur van die USB.

Prof Naudé het 'n lang verhouding met die gemeenskap van die Universiteit Stellenbosch (US). Hy het in 1980 sy loopbaan as deelydste junior lektor in Filosofie by die US begin.

Vandag is prof Naudé 'n gesoute akademikus en universiteitsadministrateur. Hy het al verskeie leierskapposisies binne 'n universiteit beklee – insluitend hoof van 'n departement, dekaan van 'n fakulteit, hoof van 'n navorsings-eenheid, en tot onlangs viserektor van die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit in Port Elizabeth. Sy loopbaan is onderskraag deur betekenisvolle sakekonsultasie, openbare toesprake as 'n manier om verhoudings te bou en breedvoerige reise oor Afrika heen.

Etiek en om aan die voerpunt te bly

In 'n verklaring van die US oor sy aanstelling, het prof Naudé gesê hy wil die bestuurskool se voetspoor in Afrika vergroot. As 'n professor in Etiek en 'n predikant, kan die USB-gemeenskap verseker wees dat hierdie groei nie net teen enige koste gaan kom nie.

“Etiek vind aansluiting daarby om institutionele waardes intern en ekstern uit te leef. Ons moet etiek en bestuur in ons verskeie akademiese programme inkorporeer, terwyl ons plaaslik en internasionaal aan navorsing oor die jongste ontwikkelings in etiek, die rapportering van raamwerke en ekologie deelneem,” verduidelik prof Naudé.

“My planne vir die USB word gevorm deur 'n goeie ontleding van die situasie en konsultasie met die relevante mense. Op hierdie stadium kan ek sê die planne sluit in om:

- Die topgehalte van die USB, wat reeds deur verskeie akkrediteerliggame erken is, te behou
- Die kapasiteit van akademiese personeel so gou moontlik te vermeerder
- Die aantal studente op die Ontwikkelingsfinansiesprogramme te verhoog
- Op skakeling met belangegroepes te fokus, insluitend die US (intern) en openbare belangegroepes, en
- Die voetspoor van ons bestuursopleiding op die langtermyn via USB-BO te vergroot, sodat ons erken word as 'n internasionale handelsmerk in bestuursnavorsing en opleiding.”

Dit behoort vir hierdie prestasie-gedrewe akademiese leier maklik te kom. “Doen wat jy vandag doen so goed as wat jy kan – beter as ander – en deure sal oopgaan. Die beste plan of idee is nutteloos tensy dit geïmplementeer word.”

Wat is dit van die akademiese lewe wat hom geïnteresseerd hou? “Die vryheid om na te vors, te dink en te skryf wat jy wil.”

Prof Naudé het 'n meestersgraad in Filosofie en doktorsgraad in Teologie. Hy is in 2011 as Vodacom se Joernalis van die Jaar aangewys vir sy werk as rubrieksrywer. Hy skryf 'n weeklikse rubriek en sy jongste boek oor globale etiek het die Desmond Tutu-prys vir akademiese literatuur ontvang.

Wat is sy loopbaanraad aan nagraadse studente? “Studeer hard om jouself met die beste moontlike tegniese en persoonlike vaardighede toe te rus. Soek dan die topwerkgewer in jou bedryf. As jy nie een kan vind nie moet jy jou eie onderneming begin.”

Prof Naudé klink dalk soos 'n rebel, maar hy word wyd erken as 'n akademikus en topnavorsers met talle nasionale en internasionale toekennings agter sy naam. Hy word ook as 'n rondreisende spreker en konsultant erken en hy was 'n besoekende professor by die Universiteit van Heidelberg in Duitsland, binne die konteks van die Alexander Von Humboldt-stigting.

Behalwe vir sy 20 jaar - ondervinding in universiteitsbestuur, het hy ook meer as 100 artikels in akademiese vaktydskrifte gepubliseer en hy het papers aan byna 150 nasionale en internasionale konferensies gelewer oor onderwerpe wat op openbare etiek en sosiale geregtigheid betrekking het.

Buiten sy skerp sin vir pret, bring hy intelligensie na sy nuwe rol: “Die USB het 'n beslissende rol om in Afrika te speel. Eerstens moet ons ons ore en oë oopmaak vir ander akademici en sakemense van Afrika, sodat ons ons eie vasteland beter kan verstaan. Tweedens moet ons die relevante topgehalte akademiese geleenthede skep, en derdens moet ons help om bestuurshoedanighede en praktyke via USB-BO te verbeter. Daar is baie navorsingsbewyse wat toon dat armoede in Afrika nie 'n noodsaaklikheid is nie – dit is 'n (swak) leierskapkeuse.

Ware verhoudings

“Die USB moet sy plek inneem as dié instansie vir gevorderde, topgehalte bestuurskennis en 'n bron van sosiale ontwikkeling en hoop. My mening is dat hierdie twee ideale nie in konflik met mekaar is nie. Om die waarheid te sê versterk die twee mekaar – veral binne ons Suid-Afrikaanse en groter Afrika-kontekste waar sakesukses van sosiale kohesie afhang.”

Prof Naudé gee toe dat sukses nie moontlik is sonder goeie verhoudings met kern belangegroeppe nie. Hy glo ook dat die beste manier om verhoudings te bou deur geloofwaardige persoonlike kontak geskied, en om op die belofte te lewer wat eie aan die USB-handelsmerk is.

Hy sê ten slotte: “Die USB moet verseker dat dit voortgaan om op die internasionale speelveld te werk. Ons moet ons akkrediteringsstatus behou, ons beste navorsing op die internasionale verhoog versprei en topklas akademiese programme lewer. Ons moet ook slim oplossings aan die sakewêreld verskaf en verseker dat ons alumni ons deur hul prestasies oor die wêreld heen verteenwoordig.”

'N KYKIE VAN NADER

Watter leierskapeienskappe het jy jou eie gemaak?

Ek glo sterk dat die kombinasie van 'n uitstekende visie, skerp kommunikasie en om vir mense om te gee altyd goed werk.

Hoekom staan jy soggens op?

Omdat ek afsprake het... Nee, omdat ek my werk so baie geniet. Eet en slaap is wel nodige ontwrigtings in die vloeï van gebeure.

Hoe herwin jy jou kragte?

Ek is 'n sosiale drawwer en herwin my kragte die beste tydens lang drafessies langs die see saam met my hond, asook tydens ontbyt saam met my vrou. Ek skryf ook vir die lekkerte en publiseer vanjaar twee boeke – een algemeen en een akademies.

Watter boeke lees jy tans?

Ek het pas *Rumours of Spring* deur Max du Preez (voordat dit die prys gewen het) gelees en ek lees tans Sampie Terreblanche se *Verdeelde Land* – sy jongste boek oor die toenemende ongelykheid in ons land.